# trinitas

## 1 Verlos

*Baie welkom by Trinitas!*
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
*Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

**SONDAG, 4 DESEMBER 2016**

**OGGEND 09:00**

## KERSPROGRAM

Tema: Mense rondom Jesus
Oorsig:
Met ons Kersdiens vandag fokus ons op Jesus wat aarde toe gekom het en die betekenis daarvan. Natuurlik! Maar ons wil vandag veral kyk na die mense rondom baba Jesus. Die mense in wie se lewens Hy heel eerste ingekom het en reeds tóé geraak het.
Josef en Maria. Die skaapwagters en die sterrekenners. Simeon en Hanna en Koning Herodes. Dan natuurlik veel later ook ek en jy. Kyk solank of jy Jesus se effek op die mense om Hom kan sien soos ons deur die program beweeg.

**GEEN AANDBYEENKOMS**

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Dinsdag, 6 Desember**
Bybelstudie 18:30
(Stinkhoutsingel 18)

Bybelstudie 19:00

Kernkerkraadsvergadering 19:00

**Woensdag, 7 Desember**
Skole sluit

| SONDAGAANDE: 4DE KWARTAAL | |
|---|---|
| **Datum** | **Geleentheid** |
| 4 Des. | Geen aandbyeenkoms |



'n *VERLOSTE* familie diensknegte wat gestuur is.

## 2 Familie

**LIEF EN LEED**
Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Hennie Kruger (☎0721243155) is steeds in Midvaal hospitaal.
- Jan en Karin vd Westhuizen (☎0849832404) se dogtertjie Isabel, het verlede Sondag haar arm by die familie-ete gebreek en moes 'n operasie ondergaan.
- May Bezuidenhout (☎0825842703) se suster van Bloemfontein is die afgelope week oorlede. Ons dink aan haar wat hierdie jaar baie hartseer beleef het.

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.**

**VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!**
**(VAKANSIE S'N INGESLUIT)**

| | | |
|---|---|---|
| 04/12 | Marlie du Plessis | ☎0823316462 |
| 05/12 | Marelize Erasmus | ☎0169821450 |
| 06/12 | Juanita Bezuidenhout | ☎0827239674 |
| 06/12 | Armand Botha | ☎0824542362 |
| 06/12 | Bellie Dorfling | ☎0169322989 |
| 06/12 | Jacques Duvenhage | ☎0834120294 |
| 06/12 | JP Terblanche | ☎0825723328 |
| 06/12 | Bettie van Rooy | ☎0833380226 |
| 06/12 | Zian Visser | ☎0825188432 |
| 07/12 | Joey Muller | ☎0169337548 |
| 08/12 | Eugenie Janeke | ☎0836798697 |
| 09/12 | Berinda de Beer | ☎0827786453 |
| 10/12 | Lisa Coetzee | ☎0832805154 |
| 10/12 | Jane Moolman | ☎0827324993 |
| 10/12 | Martie Snyman | ☎0824626059 |
| 10/12 | Barbara Snyman | ☎0736304696 |
| 11/12 | Hettie du Toit | ☎0722796766 |
| 11/12 | Ina Vorster | ☎0722573738 |
| 12/12 | Abrie Geldenhuys | ☎0762905913 |
| 12/12 | Zuané van Staden | ☎0824542362 |

| | | |
|---|---|---|
| 12/12 | Nina Vorster | ☎0169821579 |
| 13/12 | Raymond Hitge | ☎0834787771 |
| 13/12 | Johanita Kirsten | ☎0833678907 |
| 13/12 | Eric Kotzé | ☎0832713445 |
| 14/12 | Chris Grobler | ☎0169823327 |
| 14/12 | Trudie van Bemmel | ☎0169338365 |
| 14/12 | Annemarie Venter | ☎0843260691 |
| 15/12 | Jo-Anne Dannhauser | ☎0712007794 |
| 15/12 | Pierre Ehlers | ☎0784534327 |
| 17/12 | Larissa Coetzee | ☎0834601186 |
| 17/12 | Jadene Gericke | ☎0832761836 |
| 17/12 | Harriet Labuschagne | ☎0833047499 |
| 17/12 | Chandré Strydom | ☎0714357793 |
| 17/12 | JG vd Schyff | ☎0827800405 |
| 18/12 | Christa du Plooy | ☎0747235259 |
| 18/12 | Richelle Yssel | ☎0169823591 |
| 19/12 | Susan Vorster | ☎0169324476 |
| 20/12 | Sus du Plessis | ☎0823472252 |
| 20/12 | Pieter Hitge | ☎0834787771 |
| 20/12 | Marietjie J v Vuuren | ☎0833245702 |
| 20/12 | Adri Pietersen | ☎0829674274 |
| 21/12 | Paul le Roux | ☎0837895763 |
| 22/12 | Roy Atkins | ☎0832593798 |
| 23/12 | Suzaan du Plessis | ☎0725821151 |
| 23/12 | Elize Theron | ☎0833031219 |
| 24/12 | Paul Eloff | ☎0834681238 |
| 24/12 | Janet Karsten | ☎0720181981 |
| 26/12 | Elmie Snyman | ☎0836164705 |
| 27/12 | Liam Muller | ☎0742304841 |
| 29/12 | Xander Grobler | ☎0169823327 |
| 29/12 | Susan Kennedy | ☎0823875377 |
| 29/12 | Amanda Vermaak | ☎0741659957 |
| 30/12 | Emily van Straaten | ☎0722977538 |
| 30/12 | Schalk van Wyk | ☎0764688963 |
| 31/12 | Selma van Wyk | ☎0848008012 |
| 01/01 | Leon Muller | ☎0742304841 |
| 01/01 | Hilda van Deventer | ☎0760642711 |
| 02/01 | Janneke Beumer | ☎0835642280 |
| 02/01 | Ansie Hohls | ☎0722308962 |
| 02/01 | Chrisna vd Berg | ☎0839821322 |
| 02/01 | Viljoen van Tonder | ☎0823356698 |
| 03/01 | Marco Bothma | ☎0824149759 |
| 03/01 | Maryna Venter | ☎0795044519 |
| 04/01 | Annatjie du Plessis | ☎0799861553 |
| 04/01 | Franciska vd Merwe (jnr) | ☎0828167653 |
| 05/01 | Mielo Coetzee | ☎0832805154 |
| 05/01 | Ruan Engelbrecht | ☎0169324684 |
| 06/01 | Hendriko van Bemmel | ☎0727057968 |
| 06/01 | Sias Voges | ☎0825728759 |
| 07/01 | Petro Schutte | ☎0169334363 |
| 07/01 | Michelle vd Berg | ☎0169823577 |
| 08/01 | Willem Goodchild | ☎0823318898 |
| 08/01 | Gert Grimbeek | ☎0832878090 |
| 08/01 | Gideon Louw | ☎0833740480 |
| 08/01 | Nadine Retief | ☎0795137990 |
| 08/01 | Catherine Spires | ☎0736998339 |
| 08/01 | Petro vd Westhuizen | ☎0823997940 |
| 08/01 | Clinton Vorster | ☎0828818988 |
| 09/01 | Joggie Scheepers | ☎0832582395 |
| 09/01 | Chris Viljoen | ☎0829212685 |
| 10/01 | Gerhard Vorster | ☎0827228589 |
| 11/01 | Gerhard Peters | ☎0823354407 |
| 11/01 | Bernice Theron | ☎0169322119 |
| 11/01 | Clayton van Bosch | ☎0722443287 |
| 12/01 | Johan Vermeulen | ☎0762047247 |
| 13/01 | Rodney Geere | ☎0723882286 |
| 13/01 | Elbie Venter | ☎0169821507 |
| 14/01 | Trui Dreyer | ☎0832882653 |
| 14/01 | Lynette Nel | ☎0837020026 |
| 14/01 | Rina Taljaard | ☎0724486799 |

**SPESIALE VERJAARSDAE**

6 Des. Bellie Dorfling, 92.
11 Des. Hettie du Toit, 90.
19 Des. Susan Vorster, 85.
20 Des. Sus du Plessis, 85.
7 Jan. 2017, Petro Schutte, 91.
9 Jan. 2017, Joggie Scheepers, 82.
14 Jan. 2017, Trui Dreyer, 88.

**HUWELIKSHERDENKINGS (VAKANSIE S'N INGESLUIT)**

| | | |
|---|---|---|
| 4 Des. | Gert en Rinda Grimbeek ☎0832582423 | 34 jaar |
| 6 Des. | Michiel en Jolandi J v Vuuren ☎0764778822 | 1 jaar |

| | | |
|---|---|---|
| 7 Des. | Jacob en Petra Tromp ☎0823316151 | 25 jaar |
| 8 Des. | Ernst en Magda Eloff ☎0823344769 | 37 jaar |
| 8 Des. | Lawrence en Hannelie van Wyk ☎0827007013 | 9 jaar |
| 10 Des. | André en Linda Duvenage ☎0837387368 | 56 jaar |
| 12 Des. | Jean en Nadia Bosman ☎0743507127 | 1 jaar |
| 12 Des. | Gerrit en Christa van Bemmel ☎0832847280 | 7 jaar |
| 14 Des. | Paul en Elsa van Zyl ☎0827747237 | 42 jaar |
| 15 Des. | Marcel en Jonet vd Westhuizen ☎0823439130 | 15 jaar |
| 16 Des. | Gert en Isabel de Lange ☎0833050914 | 18 jaar |
| 18 Des. | Dolf en Kotie Jonker ☎0845066464 | 45 jaar |
| 20 Des. | Roy en Petro Atkins ☎0832593798 | 41 jaar |
| 20 Des. | Anton en Wilma Olckers ☎0796218554 | 24 jaar |
| 20 Des. | Daan en Susan Smit ☎0835896185 | 41 jaar |
| 28 Des. | Elaine Ndweni ☎0834909746 | 6 jaar |
| 1 Jan.'17 | JP en Toetie Terblanche ☎0825723328 | 46 jaar |
| 13 Jan.'17 | Jannie en Adri Vorster ☎0829057116 | 26 jaar |

**SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)**

*Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.*

**BYBELSTUDIES**

**Dinsdae om 18:30.** Stinkhoutsingel 18.
**Dinsdae om 19:00**. Carterstraat 16.
**Woensdae om 09:15** by die kerk.

**NUWE BYBELSTUDIEGROEP**

Dinsdagaande om 18:30 by Stinkhoutsingel 18. Enige belangstellendes is baie welkom. Kontak Christa ☎0798779882.

**HUISBESOEKVORMS**

Indien jy huisbesoek wil ontvang deur 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

**ATTESTATE/BEWYSE**

Word afgekondig.

**NUWE LIDMATE**

Die diakonie is tans aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en skryf asb. al jou besonderhede in die boek by die Welkomhoekie in die saal.

**VERJAARSDAGTEE**

As familie vier ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae. Die volgende verjaarsdagtee vind in 2017 plaas.
Groete: Gasvryheid-diensgroep

3 Dienskneg

**ORRELBEGELEIDING**

09:00 – Nannes vd Walt

**OUDERLINGE AAN DIENS**
Pieter van Helden, André Moolman

**DIAKENS AAN DIENS**
Stephan Botha, Casper J van Vuuren

**KOSTER AAN DIENS**
Elsa Prinsloo

**KOLLEKTES**
**Onder die erediens vir Diakonale Kas**
04/12 – SAVF Shelter
11/12 – Pro Ecclesia Studieleningsfonds

**DATABORDDIENS**
Behartig deur die Tegniese span

**GEHOORAPPARATE**
Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

**OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD**
Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, stuur 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit ☎0711063978.

**ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS**
Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, ☎0828111990, vir inligting. (*Preektekste sal Sondae na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees).*

**VANAF DIE FINANSIESPAN**
Die span is deeglik bewus dat lidmate seker wil wees dat hulle oorbetalings reg hanteer sal word. Ons kan nou die versekering gee en met u deel hoe die rekeninge saam gegroepeer word.
Alle maandelikse bydraes word in die volgende rekening inbetaal:
Bank: ABSA
Tjekrekeningnommer: **530340449**
Alle gelde vir projekte word in dieselfde rekening inbetaal met verwysing na die projek (hieronder in vet gedruk):

**Projekte:**
**Uitbreidingsfonds**: Kerkraad se spesiale spaarplan, 10% van bydraes bo begroting.
**Dankbaarheidsfonds**: Spesiale aksie in Oktober 2016 tot Desember 2016.
**Gasvryheidsfonds**: Fondse vir die gasvryheid-diensgroep.
**Projektor**: Projektor in die kerk en klanktoerusting.
**Familieprojek**: Plek waar gemeente gemaklik kan sit en gesels.
**Groeipyne**: Algemene stoorruimte.
**Springkasteel**: Inkomste uit verhuring.
**Chris Buys fonds**: Trustgelde waarvan rente gebruik word om leerlinge te help.
**Studiebeurs**: Trustgelde waarvan die rente gebruik word om eie predikante op te lei.

**OKTOBER DANKOFFER**
Liewe Trinitas,
Ons is baie dankbaar vir dit waarmee die Here in ons midde besig is! Dit is werklik opwindend om saam geloofsgroei in die Evangelie te ervaar en te smaak dat die Here inderdaad goed is! Op allerlei terreine is ons besig om reeds nuwe dinge aan te pak maar ook om nodige grondwerk te doen vir sake wat nog kom. Ons finansiële sake het al baie verbeter deur versigtige beplanning en bestuur, die

delging van al ons skuld en veral ook julle selflose finansiële offers. Ons sê werklik baie dankie vir elkeen wat met graag 'n finansiële bydrae maak om Trinitas op en uit te bou! *Hoe groot of klein ook al*. Ons is opgewonde oor die toekoms.

Daar is egter nog baie ruimte vir verbetering t.o.v. bydraes om die verantwoordelikhede van ons lopende koste te dek. As voorbeeld noem ons dat slegs 67% van ons hoegenaamd iets bydra! Daar is sekerlik verskillende redes hiervoor waaraan elkeen sal moet werk. Een van die oplossings wat ons voorstel, is om jaarliks 'n Oktober Dankoffer in te stel. Die doel van die Oktober Dankoffer is om 'n fokusmaand te hê vir:

- Lidmate wat dit dalk beter sou vind om eenmaal jaarliks 'n bydrae te maak vanweë hulle eie finansiële sake.
- Lidmate wat vanweë die Here se besondere seëning 'n ekstra bydrae wil maak, bo en behalwe hulle maandelikse bydrae.
- Lidmate wat besef dat hulle dalk hierdie saak uit die sig verloor het en hierdeur opgeskerp kan word met 'n maklike geleentheid.

Onthou dat ons ook in geloof besluit het om 10% van elke maand se surplus op die begroting eenkant te plaas vir spesiale uitreikprojekte na ons gemeenskap – bo en behalwe wat reeds gedoen word. Ons wil dus nie net gelykbreek nie ... Jesus roep ons om te groei!

Jy kan ook spesiaal hiertoe bydrae deur 'n inbetaling te oormerk vir 'Uitreikfonds'. Oktober is daarom ons fokus-maand, maar bydraes vir die Oktober Dankoffer kan enige tyd gemaak word soos wat dit vir jou moontlik word. Ons sal ook deurlopend in die nuusbrief mekaar op hoogte hou hoe dit verloop. Ons mikpunt vir 2016 is R215 000. Merk jou bydrae eenvoudig "Oktober Dankoffer".

Dankie dat ons saam hande kan vat om die unieke geleenthede van Trinitas vas te gryp! Pieter Janeke, Finansies

**Die Dankbaarheidsfonds staan tans op R22 282.**

**VRAE OOR BOGENOEMDE FONDS**

Die finansiële kommissie het twee navrae oor die dankbaarheidsfonds ontvang.

**Die eerste vraag:** Waarvoor gaan die gelde aangewend word?

**Antwoord:** Die bydraes sal soos gewone bydraes hanteer word. Die kerkraad wil bydraers bewus maak dat daar ander inkomstes is (bv. bonusse) wat ook vir bydraes kwalifiseer.

**Die tweede vraag:** Ek het my bydrae in die bussie gegooi, maar sien nie dat die fonds verhoog nie?

**Antwoord:** Die weeklikse bedraes word vanaf die bankrekening afgelees. Alle kontant wat ontvang word, word soos die kontantbydraes aan die einde van die maand gebank. U kontantbydrae is nie verlore nie en sal eers met die eerste week van Desember 2016 aangetoon word.

**BEGROTING 2017 – 2018**

Van die diensgroepe het navraag gedoen oor hoe hulle vir fondse kan begroot in die nuwe jaar. Gee die versoek (soos daar per maand beplan word vir 2017) deur aan die finansiespan, nie later as die 7e Desember 2016 nie. Die begroting word in Desember 2016 voorberei om in Januarie 2017 goedgekeur te word. Daar moet gewaak word dat groepe nie diakonale fondse by die kerkraad vra nie.

*('n Voorbeeld is gemeenskapsdae soos die een wat in November gereël is deur die CIA. Diakonale fondse kan nie hiervoor gebruik word nie en hierdie behoeftes moet deurgegee word aan die finansiespan.)*

**TEESKINK**

Vanoggend skink die Gasvryheidsgroep tee. Dis die laaste teeskink vir die jaar. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

**PLEK OM JOU FAMILIE TE DIEN ...**

As jy graag Sondae wil help teeskink en nog nie by 'n groep ingeskakel het nie, is jy baie welkom! Skryf asb. jou naam in die saal op die Teeskink-diensgroepplakkaat. Indien jy deel was van 'n groep wat ontbind het, kan jy ook jou naam opskryf. Ons sal jou by 'n nuwe groep indeel. Groete: Teeskink-diensgroep.

**BEGRAFNIS-DIENSGROEP GROEI!**

Baie dankie aan elkeen wat by die Begrafnis-diensgroep aangesluit het na ons oproep tot hulp. Dankie vir die mooi reaksie en bereidwilligheid om te help! Die diensgroep het meer as verdubbel en daar is beslis ruimte vir nog groei. Kom sit gerus jou naam in die saal op om te help. So dien ons mekaar met Christus se liefde. Groete: Begrafnis-diensgroep

**MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)**

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennis-gewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

Beplanning vir eenhede wat behandel word vanaf Sondag, 6 November:

**Graad 1 – 3**

EENHEID 7: LEER OOR GOD

*Om God se karakter te ken, help my elke dag*

Les 30: God maak 'n dag langer

EENHEID 8: GOD SE GOEIE PLANNE

*God het beplan dat Jesus gebore word en dat ons Hom sou aanbid en ander van Hom vertel*

Kersfees

Les 31: God se belofte
Les 32: Jesus is gebore
Les 33: Wyse manne aanbid Jesus
Les 34: Johannes stel Jesus voor

**Graad 4 – 6**

EENHEID 7: DIE ISRAELIETE REIS DEUR DIE W0ESTYN

*Om God te leer ken, kan my help in my daaglikse aksies en my verhouding met ander*

Les 30: Die koperslang

EENHEID 8: DIE BELOOFDE VERLOSSER

*Ons kan God se geskenk van liefde en verlossing aanvaar en groei in ons liefde vir Jesus*

Kersfees

Les 31: God se belofte aangekondig
Les 32: Die engel se besoek aan Maria
Les 33: Geboorte van die verlosser
Les 34: Jesus word groot

**Graad 7 – 9**

EENHEID 5: TIENERS VAN DIE BYBEL

*Ou Testament tieners*

Les 26: Josia – die kind wat koning sou word
Les 27: Daniël – die jong man wat vir God opgestaan het

EENHEID 5: TIENERS VAN DIE BYBEL
*Nuwe Testament tieners*
Les 28: Maria – die meisie wat alles gewaag het
Les 29: Jesus – die student wat wysheid gesoek het
Les 30: Die vrygewige kind wat sy ete gedeel het

***Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)***
HK SONDAG 39-52: Dankbaarheid

***Neem kennis dat jeugkleingroepe vir Graad 7 – 12 Sondae om 16:30 plaasvind****.* *Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook betyds te wees vir die aandbyeenkoms.*

**KINDER-EREDIENSBEGELEIDING**
Die kinder-erediensbegeleiding het afgesluit vir 2016. Ons sal vroeg in 2017 afskop met 'n nuwe program vir die 3-7 jariges, terwyl die 8-9 jariges op hulle vlak leiding rondom die preke sal ontvang. Ons is baie opgewonde oor die ouers wat hulle kinders stuur om die begeleiding by te woon! *Ons benodig meer mense om te help!* Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met Corrie Botha of Petra Tromp kom gesels. Kontak gerus vir Petra ☎0823316151 met enige verdere vrae.

**KLEUTERKERK**
Vanweë die implementering Kinder-erediensbegeleiding is daar besluit om tot verdere kennisgewing op te hou met die voorskoolse katkisasie (kleuterkerk) na die erediens. Enige vrae hieroor kan met Corrie Botha ☎0833047680 bespreek word.




**JEUGBEDIENING 2017**
Ons benodig nog twee persone om volgende jaar te help met jeugbediening. Kontak André ☎0828592186 of Rochelle Moolman ☎0824544147 indien jy geroepe voel om hier te dien.

**BELYDENISAFLEGGING VIR 2017**
Ons deel graag die volgende inligting rakende die belydenisaflegging vir 2017: Soos reeds gekommunikeer in die nuusbrief en tydens 'n inligtingsessie gaan die proses van belydenisaflegging verander vanaf 2017. Dit is op hierdie stadium belangrik om kennis te neem van die volgende twee punte:

1. Belydenisaflegging is nie gekoppel aan ouderdom of skoolgraad soos vantevore nie, maar aan geloofsrypheid en begeerte met die verstandhouding dat die jong gelowige minimum graad 9 voltooi het.
2. Die jong gelowige kan vanaf graad 9 aansoek doen om in die belydenisgroep opgeneem te word en aan die einde van die daaropvolgende jaar belydenis van geloof aflê.

Dit is baie belangrik dat almal besef dat belydenisaflegging 'n saak tussen die individu en die Here self is en nie bloot 'n proses wat volg uit die aantal jare wat 'n kind by jeugbediening betrokke was nie. Dit is 'n begeerte wat by die betrokke

persoon moet wees om sy/haar geloof te bely voor God en die gemeente. Kontak André Moolman ☎0828592186 of Corrie Botha ☎0833047680 met enige navrae. DNA Groete




**DIE HELPER** is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Jan van der Westhuizen ☎0844890144.

**DR. FRANS MINNIE**
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.** Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

**PROJEK – GROEIPYNE**
Trinitas-familie het 'n probleem waaroor ons baie bly is! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite op die terrein benodig ons ekstra stoorplek sodat ons die bestaande lokale doeltreffend kan gebruik. As spesiale projek wil ons 'n skeepsvraghouer (*container*) aankoop. Die koste beloop ongeveer R25 000. Enige bydraes hiervoor kan gemaak word in ons rekening. Merk dit as 'Groeipyne'.

**KRUIDENIERSWARE BENODIG**
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy van die volgende items aankoop (plaas skenkings in groot houer in die saal naby die kombuis). Baie dankie vir al die lekkergoed en koekie-bydraes. Jolani Lourens ☎0823359586.

**FOTOPROJEK: TV-SKERM BENODIG**
Die Toekomsspan is tans besig met 'n inligtingstoonbank vir die saal. 'n TV-skerm word benodig om gemeente-inligting, asook die ou gemeentefoto's vertoon (deel van die Fotoprojek). Enige skenkings sal waardeer word. Die koste beloop R4 000 vir 40"LED TV skerm, met USB en HDMI poorte. Kontak Hardus Visser ☎0828215642.

**HERWINNING**
Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal by die herwinningsarea af, weeksdae tydens kantoorure en Sondae voor en na ons eredienste. Daar is 'n werker wat dit sal sorteer.
Ons vra dat u asb. nie enige inkopiesakke of ander plastieksakkies (soos broodsakkies of *Cling wrap*) tussen die ander plastiek sal gooi nie, aangesien DJ Waste dit nie verwyder nie en dit dan net die rondwaai op ons terrein. Moedig gerus ook jou vriende aan om hulle herwinning na ons toe te bring en nie saam met hulle weeklikse vullis uit te sit nie. Kontak Maureen van Helden ☎0823922093 vir die volledige lys met herwinbare items.

## 4 Gestuur

**EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS**
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

**ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR**
Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Trinitas CIA Christus in Aksie

**Kontakpersoon:**
Hardus Visser
☎0828215642

## ALGEMEEN

**BELANGRIKE DATUMS DESEMBER**

- 4 Des. Kersprogram
- 7 Des. Kerkraadsvergadering
- 7 Des. Skole sluit
- 11 Des. Afskeid: van Wyk-gesin
- 25 Des. Kersdag

**GKSA NUUS**

**BEROEPE ONTVANG**

- Proponent JG Ehlers (Jan) na Meyerton.
- Proponent JG Ehlers (Jan) na Piet Retief.
- Dr JA Erasmus (Jannie) van Odendaalsrus na Okahandja.
- Proponent LM Floor (Marcel) na Sasolburg.

**BEROEPE AANVAAR**

- Dr AJ Coetsee (Albert) van Uitschot na die Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Ou Testament.

**OP DIE KENNISGEWINGBORD**

- Geopende Deure
- FEBA Radio Nuusbrief
- GK Jeugkantoornuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- Frankfort Riviertoer 30 Nov – 4 Des.
- GK Brooklyn Eerstejaarskamp 2017
- GK Cachet Eerstejaarskamp 2017
- GK Stellenbosch Eerstejaarskamp 2017
- Wwesskamp in die berge 2017 (jongwerkendes en senior studente)
- Spesiale aanbod op Kruispad-tydskrifte
- GK Potch. Bult, G5 Afskopkamp vir studente
- Dopper-dagboek te koop
- Transoranje Kerswense
- Sustersaamtrek 2017
- Jan Kriel Nuus

**Besoek ook gerus GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, en GKSA nuus en afkondigings.**

**KRUISPAD**
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

**WERKSOEKENDES**
(Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief).

- 'n Grondslagfase (Gr. R – Gr. 3) onderwyspos word benodig in Sasolburg, Vaalpark, Vereeniging of Vanderbijlpark. Kontak vir Griffel ☎0823543726 indien jy weet van iets.
- Graad 8 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.

**VLEISVERKOPE**
Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop hoenders, lam-, skaap-, bees- en varkvleis. Kontak hom gerus vir pryse.

**TRINITAS-BOEK-HOEK**
Franciska vd Merwe ☎0827818032.

**BYBELS EN PSALMBOEKE**
Maak gerus gebruik van die Bybels en Psalmboeke in die voorportaal.

**NAALDWERKMASJIEN BENODIG**
'n Naaldwerkmasjien wat nog in goeie werkende toestand is, wat geskenk kan word aan persoon in ons gemeente wat volgende jaar mode-ontwerp gaan studeer en dit nodig het vir haar studies, word benodig. Kontak Corrie Botha ☎0833047680.

**INLIGTING VIR NUUSBRIEF**
Alle artikels vir die nuusbrief moet asb. voor Donderdae 12:00 by die kerkkantoor wees, sodat finale wysiging en taalversorging kan plaasvind voordat dit Vrydagoggend afgerol word.

**SUSTERSAAMTREK 2017**
Die Sustersaamtrek vir 2017 vind plaas op 4 Maart 2017 om 07:30 vir 08:00 by NWU Vaaldriehoek lapa.
Spreker: Dr. Griffel van Wyk
Koste: R120/persoon
RSVP: Voor 6 Februarie 2017
Kontakpersoon: Bianca Hechter, ☎0832362454.

**ONS NEEM AFSKEID**
Griffel en Gretha se afskeid vind plaas op Sondag, 11 Desember.

**NUUS VANAF DIE KERKKANTOOR**
Vandag is die laaste nuusbrief vir die jaar. Die kerkkantoor sluit volgende week.

**KONTAK ONS**
**www.gktrinitas.co.za**
GKTrinitas
**Kerkkantoor**: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
**Kerkkantoortye:** Ma. tot Do.
Tye: 08:00 tot 13:00
Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)
**Skriba:** Gerrit van Wyk 0823328550
**Kosters:** Elsa Prinsloo 0794778699
Theuns Odendaal 0832561387
**Orrelis:** Nannes v.d. Walt 0833041841
**Bankbesonderhede van kerk:**
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449
**Predikant:** Griffel van Wyk
☎ 0169324615 / 0823543726
**e-pos:** griffel@gktrinitas.co.za

**Aktiwiteit vir ons kinders:**
**Jesus se optrede by die tempel**
(Lukas 2:41-52)

